education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES V2

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Gesondheid- en veiligheids-verteenwoordiger | A werknemers kan toegang tot gesondheidsorg in die werkplek hê |
| 1.3.2 Geskrewe verslag | B lede het 'n positiewe gesindheid van ondersteuning en motivering teenoor mekaar |
| 1.3.3 Koöperasies | C verskaf beskermende klere aan werknemers |
| 1.3.4 Sosiale regte | D voorbeeld van 'n nie-verbale aanbieding |
| 1.3.5 Interpersoonlike verhoudings | E gevorm deur promotors om produkte te verskaf en dienste te lewer teen 'n wins |
| | F identifiseer potensiële gevare in die werkplek |
| | G gevorm deur lede wat hulpbronne, infrastruktuur en koste tot almal se voordeel aanwend |
| | H voorbeeld van 'n multimedia-aanbieding |
| | I werknemers mag godsdienstige vakansiedae nakom |
| | J voer spantake uit met die nodige verbintenis tot die span se doelwitte |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 'n Minimum van R500 moet in hierdie vorm van belegging belê word:

A Effektetrust
B RSA Kleinhandel spaareffekte
C Vaste deposito
D Aandele

1.1.2 Onbeperkte aanspreeklikheid beteken dat die …

A eienaar se persoonlike bates word beskerm indien die besigheid insolvent raak.
B eienaars nie geregtig is om in die winste van die onderneming te deel nie.
C eienaars nie meer kan verloor as wat hulle in die besigheid belê het indien die besigheid insolvent raak nie.
D eienaars kan hul persoonlike bates verloor indien die onderneming insolvent raak.

1.1.3 … het gesag vanweë hul posisie in die onderneming.

A Beleggers
B Bestuur
C Aanbieders
D Leiers

1.1.4 Besighede pas die ... toe wanneer hulle alle dryf- en remkragte lys wat verandering sal ondersteun en weerstaan.

A nominale groep tegniek
B besluitneming-tegniek
C kragveld-analise
D Delphi tegniek

1.1.5 Nido Handelaars het hul sake-voertuig vir R200 000 verseker terwyl die werklike waarde R300 000 is. Die voertuig was in 'n ongeluk betrokke, wat skade ten bedrae van R30 000 tot gevolg gehad het. Nido Handelaars sal ... as vergoeding ontvang.

A R20 000
B R30 000
C R200 000
D R300 000 (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| landelike ontwikkeling; laissez-faire; onbillike reklame; assuransie; besluitneming; gesondheid en veiligheid; outokraties; probleemoplossing; billike reklame; versekering |

1.2.1 … vereis kreatiewe denke om alternatiewe oplossings te genereer en te evalueer.

1.2.2 … is een van die komponente van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KSV).

1.2.3 'n Voorbeeld van … word gedemonstreer wanneer mense met gestremdhede misbruik word.

1.2.4 In … leierskapstyl kies werknemers hul eie werkmetodes solank hulle nie die maatskappy se beleid oortree nie.

1.2.5 Gespesifiseerde gebeurtenis is ‘n sekerheid maar die tyd van die gebeurtenis is onseker in ... (5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ‘n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ‘n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ‘n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

2.1 Noem enige TWEE voorbeelde van nie-versekerbare risiko’s. (2)

2.2 Beskryf kortliks die belangrikheid van versekering vir 'n besigheid. (4)

2.3 Identifiseer die versekeringsbeginsel wat van toepassing is in elk van die stellings hieronder.

2.3.1 DNG Versekeraars het Tisos Handelaars vergoed vir verliese gely weens ‘n inbraak. (2)

2.3.2 Tisos Handelaars het akkurate en eerlike besonderhede verskaf toe die eis ingedien is. (2)

2.4 Verduidelik die kenmerke van ‘n vennootskap as ‘n vorm van eienaarskap. (6)

2.5 Bespreek die impak van die *charismatiese leierskapstyl*. (4)

2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CREDO ATELJEE (CA)**

Tinana, die finansiële konsultant by Credo Ateljee, het die finansiële verslag aan die aandeelhouers van die onderneming voorgelê. Sy het haar aanbieding op 'n raakskerm (touch screen) geprojekteer, maar terwyl sy beelde gewys het, was daar seinverlies. Harde kopieë van haar planne is versprei vir verwysing na die ontbrekende dele van die aanbieding. Die visuele hulpmiddels het haar aanbieding ondersteun en die gehoor was gelukkig.

2.6.1 Identifiseer TWEE visuele hulpmiddels wat Tinana in haar aanbieding gebruik het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ‘n RIGLYN om VRAAG 2.6.1 te beantwoord.

| VISUELE HULPMIDDEL | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.6.2 Verduidelik die voordele van *blaaiborde* as ‘n visuele hulpmiddel. (6)

2.7 Adviseer besighede oor hoe die volgende kriteria kan bydra tot die sukses of mislukking van ‘n privaat maatskappy:

2.7.1 Wetgewing (4)

2.7.2 Bestuur (4)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige TWEE beginsels van die King Kode. (2)

3.2 Beskryf kortliks die stappe in die hantering van konflik in die werkplek. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Laurella Verhurings Geïnk.(LV)**

Laurella die algemene bestuurder van LV wil op grootskaal groei in die eiendomsbedryf. Sy gee haar werknemers geleentheid om lukraak idees voor te stel wat dan op ‘n blaaibord geskryf word.

3.3.1 Noem die probleemoplossingstegniek wat in die scenario hierbo toegepas word. (2)

3.3.2 Verduidelik hoe besighede die probleemoplossingstegniek wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is kan toepas om ingewikkelde sake probleme op te los. (4)

3.4 Bespreek maniere waarop besighede ‘n omgewing kan skep wat kreatiewe denke stimuleer. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Sim Zizi Onderhoud Bpk (SZO Bpk)**

Sim Zizi Onderhoud Bpk spesialiseer in hoë-volume fabrieksinstandhouding en het onlangs hoë media-dekking gekry weens sy personeel wat nie volgens verwagting optree nie. Die direkteur van SZO Bpk gebruik die besigheidskredietkaart om vir persoonlike uitgawes te betaal. Daar word gekla dat die maatskappy meer vra vir dieselfde goedere in dorpe as in stede. Werknemers spandeer ook meer tyd op sosiale netwerke gedurende kantoorure as aan hul pligte.

Identifiseer TWEE tipe onprofessionele sakepraktyke wat van toepassing is op SZO Bpk. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ‘n RIGLYN om VRAAG 3.5 te beantwoord.

| TIPE ONPROFESSIONELE SAKEPRAKTYKE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.6 Beskryf die belangrikheid van die spandinamika teorieë in die verbetering van spanprestasie. (4)

3.7 Verduidelik maniere waarop ondernemings *besluitloosheid* as ‘n soort moeilike persoonlikheid kan hanteer. (4)

3.8 Stel maniere voor waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Noem enige TWEE tipes voordele wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) uitbetaal word. (2)

4.2 Identifiseer die tipe verpligte versekering van toepassing op Silwer en Goud Handelaars in ELKE stelling hieronder:

4.2.1 Die bestuur van Silwer & Goud Handelaars verseker dat beide die besigheid en die werknemers 1% van hul lone op 'n maandelikse basis tot die SAID bydra (2)

4.2.2 Silwer- en Goud Handelaars neem volle verantwoordelikheid vir alle bydraes tot die fonds. (2)

4.3 Verduidelik die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (4)

4.4 Verduidelik enige EEN tipe leierskapsteorie. (6)

4.5 Adviseer besighede oor faktore wat die aanbieder in ag moet neem tydens die voorbereiding van die aanbieding. (4)

### BESIGHEIDSROLLE

4.6 Beskryf kortliks die oorsake van konflik in die werkplek. (4)

4.7 Verduidelik maniere waarop besighede kulturele regte in die werkplek kan bevorder. (4)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FONTEINTOERE (FT)**

Fonteintoere verkoop fiets- en fietsry-toerusting by verskillende takke. Die werknemers van FT toon groter lojaliteit aan die onderneming, omdat hulle aanvaar voel. Die bestuur respekteer die werknemers se diversiteit. Dit het hul besigheid 'n goeie openbare beeld gegee en lok meer klante.

4.8.1 Haal TWEE voordele van diversiteit uit die scenario hierbo aan. (2)

4.8.2 Verduidelik ander voordele van diversiteit in die werkplek. (6)

4.9 Beveel strategieë aan wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ‘n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ‘n nuwe bladsy OF VRAAG 6 op ‘n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGS SEKURITEITE)

| |
|---|
| Beleggingsopsies bied aan beleggers die geleentheid om te besluit of hulle enkelvoudige rente of saamgestelde rente wil ontvang. Beleggers moet ook verskeie faktore oorweeg voordat hulle beleggingsbesluite neem. Sommige beleggers belê in maatskappye wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) genoteer is. Aandele kan 'n goeie keuse wees aangesien dit positiewe impakte het wat beleggers kan bevoordeel as die ekonomie goed presteer. |

Skryf ‘n opstel oor beleggings en sekuriteite waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *enkelvoudige* en *saamgestelde* rente.
- Verduidelik die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE).
- Bespreek die volgende beleggingsfaktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word:
    - Likiditeit
    - Belasting
- Gee besighede raad oor die positiewe impak van *aandele* as ‘n vorm van belegging. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID, KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID EN KORPORATIEWE SOSIALE BELEGGING)

| |
|---|
| Besighede word verplig om programme vir korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) te inisieer wat daarop gemik is om die lewenskwaliteit van gemeenskappe te verbeter. Sommige besighede glo dat daar nie van hulle verwag kan word om in korporatiewe maatskaplike investering (KMI) projekte te belê nie, aangesien dit nie die primêre doel van hul besigheid is nie. Diegene wat die impak van KMI verstaan, neem baie inisiatiewe om te verseker dat hulle nie net daarop fokus om geld vir hul besigheid te maak nie. Hulle wend ook pogings aan om die lewens van gemeenskappe waarin hulle werksaam is te verbeter. |

Skryf ‘n opstel oor maatskaplike verantwoordelikheid, korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en korporatiewe sosiale belegging waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Onderskei tussen *Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid* en *Korporatiewe Maatskaplike Belegging.*
- Verduidelik die verband tussen die drievoudige basislyn en sosiale verantwoordelikheid.
- Bespreek die impak van Korporatiewe Maatskaplike Belegging (KMI) op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van gemeenskappe te verbeter. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou